

CACHET APTEEK

U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die **WAPAD**

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O

JAARGANG XXXIII NOMMER 7 19 MEI 1978

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

Intervarsity Program

Die volgende sportsoorte meld by die Sportgebou (kafeteria) op die Fanie du Toit-Sportvelde aan:

Stoei
Judo
Scuba
Skaak
Sokker
Karate

Bogenoemde sportsoorte moet reeds 'n uur voor hul wedstryde aanmeld.
Die res van die sportsoorte meld by hul onderskeie velde en lokale aan.

Tyd	Sportsoort	Plek/Veld
08h00	Gholf	Potchefstroom
08h30	Stoei Pluimbal Muurbal Tennis Skaak	L O - Saal L O - Saal Muurbalbane Fanie du Toit Kamer 10 Frans du Toitgebou
09h30	Tafeltennis Sokker I	Totiussaal Weermagveld
10h00	Judo Landloop Scuba	L O - Saal Fanie du Toit Boskopdam
11h00	Karate	L O - Saal
Dameshokkie		
08h30	PU II PU O/20 B Klawerhof Wag-'n-bietjie	vs RAU II vs Alomdraai vs Amper Daar vs Kruinsig Fanie du Toit A Fanie du Toit B Fanie du Toit C Fanie du Toit D
09h25	PU I PU O/20 A Vergeet-my-nie	vs RAU I vs Oorkant vs Ben-jy-mijn Fanie du Toit A Fanie du Toit C Fanie du Toit D
10h25	Wanda	vs Skoonveld Fanie du Toit B
Manshokkie		
09h25	PU II	vs RAU II Fanie du Toit B
10h25	PU I	vs RAU I Fanie du Toit A
Netbal		
09h00	PU O/20 A Oosterhof Heide Klawerhof	vs Oorkant vs Amper Daar vs Alomdraai vs Kruinsig Fanie du Toit A Fanie du Toit B Fanie du Toit C Fanie du Toit D
09h45	PU II PU O/20 B Karlien	vs RAU II vs Skoonveld vs Ben-jy-mijn Fanie du Toit A Fanie du Toit B Fanie du Toit C
10h30	PU I	vs RAU I Fanie du Toit A
Rugby		
09h00	Klooster Ama-Villa Dawie Dup	vs Dromedaris vs Kanniedood vs Vorendag Fanie du Toit A Fanie du Toit B Fanie du Toit C
10h00	PU O/20 B Over de Voor Drakenstein	vs RAU O/20 B vs Oppierif vs Afslaan Fanie du Toit A Fanie du Toit B Fanie du Toit C
11h00	Caput Hombré	vs RAU III vs Akademie XV-tal Fanie du Toit A Fanie du Toit B
12h55	Jongspan	vs RAU O/20 A Oliënpark
14h15	Ibbies	vs RAU II Oliënpark
15h40	Trompoppies en Heildronk!	
16h00	PU I	vs RAU I Oliënpark
18h30	Skemerkelkie (slegs op uitnodiging) Grootstaal - Elgro Hotel	
19h00	Massavermaak en ontspanning Fliek	Kampus en Dorp Totiussaal
13h00	AU REVOIR!	

M
O
O
I
E

M
O
I
R
A

Moira de Villiers, sjampanjenooi van die PU.

Dawie
waarsku
RAU

Ds hulle taak om die Raukies op die pawiljoen aan te spoor. V.l.n.r. Herman van Staden hulpdirigent, Ansie Faber sjampanjenooi en Jan Erasmus hoofdirigent.

Dawie Kriel, hoofdirigent van die PU, het met 'n haatdraende gesig aan Die Wapad gevra om tog maar die Raukies welkom te heet.

Hy sê dit is glo sy plig – hoewel nie van die aange naamste nie – om dit van Die Wapad te vra.

Die rede hoekom hy so sê – enige kleintjie moet welkom geheet word, al is dit 'n aap-kleintjie. Sy raad aan die Raukies is dat hulle nie bekommerd moet wees oor moontlike beserings aan hulle kant nie. Hy sê Potchefstroom het goeie veeartse.

“RAU, soos tradisie reeds bewys het, het julle geen kans nie!”

Dit is nie dat Dawie grootdoenerig wil wees nie, maar mens kan nie verby die werklikheid kyk nie, sê hy.

Vir die man
 wat bo die
 tye uitstyg,
 is daar 'n bank wat
 bo die tye uitstyg.

Bank Suid-Afrikaans.

Volkkas

INTERVARSITY

Die gees is reg. Die opwinding is daar. Dit is die eerste volwaardige intervarsity teen RAU.

Ná twee jaar waar die Pukke en die Raukies net 'n sportdag gehad het, is daar nou oorgegaan tot dié stap. Dit kan net as 'n positiewe stap in die regte rigting beskou word.

Noudat die Pukke die voorreg het om twee volwaardige intervarsities per jaar te hê is dit belangrik om dit ook in die regte lig te beskou. Dit is nie 'n vete tussen twee universiteite nie, maar juis 'n gesonde manier waarop onderlinge vriendskapsbande gesmee en getemper word.

Laat ons nou as 'n Puk-massa saam staan en die Raukies wys wat Puk-gees is (hulle sing song nou al twee weke).

Die Wapad wil dan ook langs hierdie weg aan al die sportambassadeurs van die PU sterkte toewens vir die komende intervarsity. Mag ware sportmangees seëvier.

„Stove-pipe” weer aangeval

Geagte Redakteur

Groot was die vreugde toe ons as Puk-studente hoor dat 'n Studenteraadsversoen om groter vryheid ten opsigte van kleredrag en voorkoms toegestaan is; klein die besef wat die implikasies van daardie toegewing sou wees.

Ek maak hierdie stelling ná aanleiding van dit wat deesdae op die kampus te sien is en as mode beskou word. Myns insiens laat heelwat van die studente se kleredrag veel te wense oor en kom dit wat hulle aantrek op niks anders neer as 'n verkragting van PU-kanerskap nie. Dit is werklik onnodig en ongevraagd om feitlik elke dag in een of ander dame se "stove-pipe" anatomie vas te kyk.

Met alle respek teenoor hierdie mense, is julle nie besig om die gesag wat oor julle gestel is te verontagsaam en meer nog, om dié Een in wie se Lig julle wandel, te disrespekteer nie?

Myns insiens het die tyd aangebreek waar hierdie saak, as een van hoogste prioriteit, aandag moet geniet en is dit verblydend om te sien dat die Studenteraad 'n sogenaamde proef-tydperk daargestel het.

Danie van Loggerenberg.

Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. - (Red).

Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246
REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp Oppikant 6038
NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Plessis; Caput 22371/3375/3376
REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestorf Vergeet-my-nie 5511/5512

SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915
SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017
DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Klawerhof 22037/22119/22163
KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574
TEGNIËSE REDAKTEUR: Vakant

REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915
SEKRETARESSE: Marlian Kritzing; Vergeet-my-nie 5511/5512
PENNINGMEESTER: Paul Slot; Dorp Amajuba 23429
SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376
ADVERTENSIEBESTUURDER: Buks Steenkamp; Liberalia 22129



Uit die Woord

Ek kom weer

Johannes 14:18 - Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

Die HEMELVAART van Jesus is so pas deur die Chris-

telike Kerke herdenk. Jesus het opgevaar na die hemel, elf Joodse mans was getuies daarvan. Beteken dit dat sy dissipels as weeskinders, herderloos agter moes bly? Is die

CHRISTEN - PUKKE WEESKINDERS omdat Christus Jesus deur 'n wolk weggeneem is van die aarde af?

Nee, sê die Woord: Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; EK KOM WEER na julle toe.

Hoe en wanneer kom Hy weer?

Jesus praat nog van die Trooster, DIE GEES van die waarheid wat BY EN IN sy dissipels sal wees as Hy weggaan. Direk daarop sê Hy: EK KOM WEER. Dan sal die dissipels weet dat "Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in JULLE" (Vers 20). Dit blyk hieruit dat Jesus se belofte van sy koms en van die Trooster wat sal kom, een en dieselfde belofte is.

Jesus kom weer in die Gees wat uitgestort sal word. Dit word verder bevestig deur die woorde: "die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sien My." Jesus kom weer, maar só dat die wêreld Hom nie sien nie. Net die gelowiges sal Hom sien. In vers 17 het Hy gesê die Gees van die waarheid word gestuur, die Gees wat "die wêreld nie sien nie".

Dit is duidelik: JESUS KOM WEER IN DIE GEES wat uitgestort word.

Die dissipels hoor hierdie belofte as gelowiges, as verteenwoordigers van die kerk van Christus. Jesus spreek ons ook aan as gelowiges. Ons weet en glo dat die HEILIGE GEES UITGESTORT IS op die pinksterdag. Jesus se belofte is vervul. Hy het weer

gekom in die Heilige Gees om sy verlossingswerk voort te sit. Hy laat ons nie as weeskinders agter nie, maar het in en by ons kom woon deur Sy Gees.

Die Gees is gestuur nie om van Homself te getuig nie, maar om van JESUS CHRISTUS TE GETUIG. Die Heilige Gees het kragte deur die apostels gewerk nie om van hulle buitengewone en sensasionele persone te maak nie. Deur die mense het die Gees van Christus getuig. Die Gees woon en werk vandag nog in ons - om ons geloof in Christus te versterk en om ons van Christus te laat getuig.

Jesus se belofte is vervul. Hy het weer gekom in die Gees. Daarom is ons NIE WEESKINDERS NIE. God het die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (Gal. 4:6) Dit is, liewe Vader.

Die Heilige Gees verseker ons dat ons nie weeskinders is nie, maar God die Vader se kinders deurdat Hy ons laat sê: die almagtige God is ons liewe Vader. Hy bekeer ons van sondige paaie, sodat ons ons kan bekeer om aan ons Vader gehoorsaam te wees.

Jesus het weer gekom met die uitstorting van die Heilige Gees. Daarom kan ons seker wees sy ANDER BELOFTE sal ook vervul word aan die einde van die dae. Dan sal Christus self kom op die wolke om God se kinders na die woning te neem wat Hy vir hulle voorberei het - die nuwe hemele en 'n nuwe aarde.

STEINMAN HEET WELKOM



Intervarsity is een van die hoogtepunte in elke student se lewe - indien nie die hoogtepunt nie.

Om 'n Intervarsity te beleef is om die wese van studentwees te beleef. Daarom aan alle studente en oud-studente, geniet dit en besef dat dit deel van jou soetste studente herinnerings gaan wees.

Aan die Raukies - 'n Groot Welkom!

Mag julle die dag geniet en mag sport in 'n egte tradisionele Intervarsity-gees gespeel word - hard maar eerlik - en mag die beste span wen.

Aan alle Pukke en oud-Pukke langs die velde - julle aanmoediging maak Intervarsity onoortreflik. Dankie.

Sels op die velde en bane word 'n Puk uitgeken - iemand wat nie ophou veg tot die eindfluitjie geblaas het nie. Daarvan getuig die laaste drie Intervarsities.

Mag hierdie Intervarsity help om die goeie verhoudinge en noue bande tussen RAU en die PU te versterk

en mag sport opsig self seëvier.

STEINMAN DE BRUYN
VOORSITTER: PU
SPORTRAAD

KARATE!!



Alle Karateka van RAU - Baie welkom op die PUK-gronde! Ons hoop julle vind die dag aangenaam in die gees wat net Karateka kan hê.

Mag sportmanskap seëvier en die beste span as oorwinnaars uit die stryd tree. 'n Stryd gaan en sal dit werklik wees. Baie geluk RAU met jul oorwinning in die SAU-kampioenskappe verlede seisoen. Derhalwe het ons onself nog beter voorberei.

Daarbenewens het ons nog verlede jaar se nederlaag om te wreek. En ons PUKKE gaan dit doen! Nogmaals hartlik welkom.

PIETER GROENEWALD

TENNIS

Die PU-tennisspelers heet die Raukies baie welkom hier op ons kampus. Albei spanne sal sonder sommige ou staatmakers moet klaar-kom. Dit gaan 'n baie interessante kragmeting



teweegbring. Ons neem egter kennis van die paar nuwe spelers in die Raukiegeledere en wens hulle 'n aangename dag se tennis toe. Maar Pukke, ons vertel hulle niks van die paar verrassings wat daar vir hulle wag nie! Raukies, as julle dit nie maak nie, moenie te sleg voel nie, ons het dit verwag.

Nogmaals welkom!
BENNIE HATTINGH

STOEI



RAU - baie welkom op die PU-kampus. Julle weet waarvoor julle jul ingelaat het. Maak die beste van die saak en probeer volgende jaar weer. Alle voorspoed!

BLACKIE SWART

GHOLF



Welkom aan alle RAU-gholfspelers op die PU-kampus en op die gholfbane van Potchefstroom. Ons hoop die sette sal val en voeltyes sal aan die orde van die dag wees. Sterkte met die spel.

PHILIP BARNARD

DAMESHOKKIE



Die PU Dameshokkie-spanne is oorgehaal vir die groot stryd!


Fisies en geestelik is ons so paraat, dat ons nie anders kan as om stof in die oë van die Raukies te skop nie.

Welkom RAU, ons sien uit na die mededinging.

Pukke, kom wen saam met ons!

ALTA DE KORTE

TAFELTENNIS




Die PU - RAU Intervarsity van 1978 is hier. Aan al die Raukies, baie welkom hier by ons. Dit gaan 'n groot fees wees. Ons is veral bly dat ons mekaar weer met 'n sport soos tafeltennis kan aandurf.

Die klub se bestaan is maar kort, maar glo my, ons gaan mekaar somer baie besig hou.

JOHAN VAN SCHAIK

PLUIMBAL



Intervarsity 1978 is hier. Ons wil net al die Raukies baie welkom heet hier op die

PUKKE se bodem. Ons hoop dat julle die dag hier by ons sal geniet, en nie te veel treur as julle teruggaan nie.

Aan die PUKKE, geniet die dag ten volle in goeie Pukgees. Ons dank julle vir die ondersteuning.

SAKKIE ROBINSON

MUURBAL



Die muurbalkklub en sy spelers, die ligaspelers, het geen bekendstelling op die kampus nodig nie, omdat muurbal verreweg die gewildste sport op die kampus is.

Hierdie jaar is die jaar vir groot dinge, veral as daar gedink word aan die intervarsity. Die manne is onverbeterlik.

Wat die dames betref staan ons juffers voor op die leer, letterlik en Figuurlik. Die RAU-juffies sal hulle poniestertjies styf moet vastrek en hulle ogies oophou.

Voorspoed RAU, julle het dit nodig.

JIM VAN ZYL

NETBAL



Die Pukke se welkom aan die Rau-dames. Ons hoop julle geniet die dag. Mag julle die netballes onthou en mag dit julle tot voordeel strek in die toekoms.

WILNA FONDSE.

SOKKER

Die PU-Sokker se: Welkom RAU! Julle is hier om wraak te neem. Wees gerus. Die geskiedenis herhaal homself. Ons gaan julle weer wen. Net een ongerymdheid. Ons gaan julle oor-

rompel. Dit sal iets wees om te aanskou.

JAMES MOODIE

MANSHOKKIE



Raukies, ons is bly om te sien julle ruk weer op na die PUK-vesting. Ons sien julle probeer die keer met twee spanne. Ons het net hierdie kort boodskap: Ons is gereed en glo nie julle sal met twee spanne regkry wat julle nie met een span kon regkry nie.

NICO BREED

DUIKKLUB

Baie welkom Raukies - maar o wee! Dit beteken 'n nederlaag vir julle.

Die onderwater-Pukke is hierdie jaar so reg soos reën, en soos bekend sit dit nie in elke span se broek om 'n gemotiveerde en strydlystige Puk-span te klop nie.

Ons wens julle alle voorspoed toe vir die Intervarsity en hoop dat julle dit sal geniet. Moet asseblief nie stik aan die bitter pil, VERLOOR, nie.

ETTIENNE DU PLESSIS

HERDIE KOERANT
WORD GEDRUK
DEUR
PROMEDIA
TEL 832301, PTA.

HUIS EN TUIN

Die winkel vir die student

SPESIALE DIENSTE

Haardroeërs teen R7,95
Droogskoonmaak

BAIE SPESIALE
PRYSE!!

PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875



BUSSE NA PARK

Die busse na Olienpark vertrek Saterdagoggend, 20 Mei, vanaf 11h30 van die Frans du Toit-gebou af.

HULPPROJEK SKIETLYS

Die skietlys vir die Hulpprojek na Saulspoort open Vrydag 19 Mei.

EERSTEJAARS!

Die skietlys vir die Aktueel '81 - kampe van 16-18 Junie sal op Donderdag 8 Junie oopmaak. Die koste van die kamp sal R5 bedra. Sien jou daar.

KONTAKPOLITIEK TOER

Die skietlys vir die SABRA toer na die Noordelike Tuislande is op die hoofkennissgewingbord. Die toer, gereël deur Kontakpolitiek, vertrek die 17de Julie vanaf Pretoria. Die toergeld beloop R30.

BROSBOEKE

Daar is 'n dringende tekort aan brosböeke. Die SSR is bereid om ou brosböeke aan te koop. Alle belangstellendes word gevra om hulle brosböeke na die SSR-kantoor te bring.

BENODIG

Hulpprojek benodig boeke of publikasies wat van nut sal wees in sy poging om nuttige en opvoedkundige en praktiese leesstof in die tuislande te versprei. Ons benodig hoofsaaklik leesstof vir die kinders in die skole omdat daar weinig biblioteke in die platteland is. Afrikaans sowel as Engels is welkom. Dan benodig ons ook leesstof in verband met boerdery, kookkuns, naaldwerk, voeding (die korrekte gebruik) vir volwassenes. Skenkings sal hoog waardeer word. Stuur dit aan:

Niel Franken
Bussie 78
SR Kantoor
PU vir CHO
POTCHEFSTROOM



Die gees waarin die wedstryd teen RAU benader word kan duidelik op die gesigte van die Pukke gesien word.



Die Ibbies is 'n span wat net soos die eerstespan goeie hardlooprugby speel. Op hulle skouers rus ook die taak om die Universiteit se naam hoog te hou.



Die Jongspan is die manne van môre. Hulle sal moet wys of die PU in die toekoms oor 'n sterk span sal beskik.

RAU IS GUNSTELING

deur Nico van der Westhuizen

Die hoofdis op Oliënpark kan nie ligtelik deur die Pukke opgeneem word nie.

Volgens baie kenners draf die PU op die veld met 'n groot sielkundige agterstand. Dit stem egter nie ooreen as daar na die PU se oefening gekyk word nie.

Daar is baie klem gelê op die fiksheid van elke speler. James Stofberg, kaptein en afrigter van die span, het die spelers dertig minute op die veld rondgejaag voordat daar na spiroefeninge oorgegaan is.

Op die lynstaanspel is baie gekonsentreer. Die bal het seepglad al langs die agterlyn geloop. Wat die oog egter dadelik opgemerk het, is die aansluiting van die voorspelers by die agterlyn. As hierdie patroon tydens die wedstryd gevolg word, wag daar beslis moeilikheid op die Raukies.

Die hand-tot-hand-bewegings deur die agt voorspelers lyk baie goed. Stofberg het die spelers telkens byeen geroep en dan baie hard met hulle gesels. Dit lyk of hy die wedstryd met baie groot erns benader. Dit beteken niks goeds vir die studente van die RAU nie.

Die groot vraag bly steeds of die spelers dieselfde gehalte rugby gaan speel as verlede jaar teen die Kovsies. Die RAU beskik oor talle troefkaarte. Die naam Johan Gouws word al sag-gies uitgespreek as 'n toekomstige Jannie Engelbrecht. Theuns Eloff sal sy keer moet ken teen die woelige Dries Maritz wat vir Transvaal speel.

Oor Lee Barnard is daar al baie geskryf en word daar nou ook veel geskryf. Sy naam word genoem in die plek van Gerald Bosch as Transvaalse losskakel. Hy beskik nie net oor 'n goeie skopvoet nie, maar kan selfs seepglad deur 'n gaping glip. Sy agterlyn stuur hy op 'n vinnige sekuur wyse weg. As daar verder in ag geneem word dat Boela van der Merwe sy skrumskakel is, word daar met baie meer ontsag na die agterlyn van die RAU gekyk.

'n Rugbywedstryd word egter nie net met 'n agterlyn gewen nie. Dit is hier waar die guns weer effens na die kant van die PU draai.

Volgens mnr. Faan Venter, sportorganiseerder van die RAU, is dit juis hier waar die groot slagting wag. Met Shane Carty, kaptein Tommie Bosch en Pieter Cloete aan die spits voorspel dit niks goeds aan James Stofberg en sy mede-voorspelers nie.

Mnr. Venter het verder gesê: "ons gaan Potchefstroom toe om skoon, harde studentrugby te speel." Met die vraag of die wen belangrik is, was sy woorde as volg: "Natuurlik gaan ons om te wen. Dit kan elke Puk-student maar weet".

Dit lyk dus dat die span wat die minste foute gaan maak en wat gaan konsentreer op die basiese patroon van die spel, as die winners van die veld gaan stap.

Om 'n voorspelling op hierdie stadium te waag, sal gevaarlik wees. Die vyftien spelers van die PU gaan elke PU-student nodig kry om agter hulle te staan. Juis daarom, Pukke, mag ons hulle nie in die steek laat nie.

deur Anton Rheeders

Sportkorrels

Intervarsity is 'n tyd waarin 'n mens 'n goeie naam kan afbreek of 'n tyd waarin jy jou universiteit se naam kan opbou.

Wat word presies met die woord intervarsity bedoel? Dit is 'n onderlinge kompetisie tussen twee universiteite waarin daar in alle sportsoorte op gesonde basis meeding word.

Laat ons kyk na wat sommige studente onder die woord intervarsity verstaan. Vir hulle is dit 'n tyd van klas afgee en waarin die van van die PU verander word van CHO na C₂H₅OH (terloops dit is die chemiese formule vir alkohol.)

Pukke, onthou julle die afgelope intervarsity teen Wits? Was dit nie 'n geval waar daar naam weggegooi is nie?

Moenie dink dat ek hierdeur die Puk se gees wil smoor nie. Kom ons maak dit 'n groot fees maar laat ons ons Christelike karakter nie daardeur ten gronde laat gaan nie.

DIE TWEE KAPTEINE SÊ

TOMY BOSCH

"Ek en pa Pelser het ooreengekom dat hy al die praatwerk doen."

"Wat is daar meer om te sê dat ons gaan om te wen."

Verder kon daar met al die mooi praat net die volgende uit 'n stil maar vriendelike Tommy Bosch se mond gehoor word.

"Hulle sê, stil mond is heel mond."

Dit lyk dus of James Stofberg so effe die voortou geneem het in die stil sielkundige oorlog tussen die twee kapteine.

JAMES STOFFBERG

Intervarsity is vir elke student en veral vir 'n rugbyspeler een van die groot gebeurtenisse tydens sy studentelewe. Alles dui daarop dat intervarsity tussen die Pukke en die Raukies groot blyk te wees.

Beide spanne beskik oor etlike provinsiale spelers. Om voorspellings oor intervarsity te maak, bly 'n onbegonne taak. Ons gaan harde en skoon rugby speel en laat sportmanskap seëvier!

Welkom aan al die Raukies. Ons hoop julle sal die tydjie hier geniet. Aan die Pukke wens ek 'n aangename intervarsity toe.

Mag die beste span wen!

GROOT GEES VANG WAG OP PUKKE

Met 'n Lee Barnard skitterend op dreef, 'n Dries Maritz in die middelveld, 'n Johan Gouws onvoorspelbaar gevaarlik op vleuel en genoeg grofgeskuut voorlans, kan RAU net-net as die gunsteling beskou word in die jaarlikse intervarsity op 20 Mei tussen die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Randse Afrikaanse Universiteit wat vanjaar op Potchefstroom plaasvind.

Die Raukies beskik oor 'n bulspan met agt provinsiale spelers in sy geledere, hulle speel al drie jaar lank saam en diegene wat onthou, sal weet dat elke wedstryd tussen die twee Universiteite 'n naelbyter was, waarvan die uitslag tot op die einde in die weegskaal was.

In teenstelling hiermee is die Pukspan vanjaar al swaar deur beserings getref. Adri van den Bergh, Ben de Klerk, Gerrit van Wyk en Deon Vosloo tel onder die krankes, en slegs sewe spelers wat verlede jaar in die kragmeting gespeel het sal vanjaar weer in aksie wees.

Wat ookal die uitslag gaan wees, vir die toeskouer sal egte studentrugby in ware Intervarsity-gees opgedis word.

Met die instelling van 'n sportdag tussen die twee Universiteite twee jaar gelede, is die gedagte in die vooruitsig gestel om 'n volwaardige Intervarsity in die toekoms aan te bied. Vanjaar word daardie ideaal verwezenlik en vanaf Vrydag 19 Mei word in 19 sportsoorte op die Puk-kampus meeding in die eerste volwaardige Intervarsity tussen die twee Universiteite.

Getrou aan hul tradisie, sal die Pukke weer groot geesvang op die pawiljoen, en studentepret, vietse sjampanjenooientjies, trompoppies, gevatte dirigente en alles wat kenmerkend van Intervarsity is, sal soos gewoonlik hiermee gepaard gaan.

Coiffure de Raymond



Ons spesialiseer in haarsnye, Permanente golwing en haarkleuring. (Henna behandeling)

Von Willighst. 9A
Tel: 6214

Spesiale pryse vir
Studente

Unisex